

Title: Vandag se Hoofberig
Pastor: Heinrich Titus
Date: 27 September 2009
Time: 09:00



Wat as ons:

Hom by elke geleentheid sou aanbid in Gees en in waarheid?
denke in lyn was met syne?
passies oorgegee was aan Hom?
gehoorsaam kon wees omdat ons wil en nie omdat ons moet?
mekaar se swakhede sou beskerm en nie ontbloot?
dieselfde hart vir verlore siele sou deel; selfs al verskil ons in ons talente en seisoene?

Wat as ons lewens en optrede gevul was met:

liefde
hoop
vrede
geduld
getrouheid
sagmoedigheid
deernis
goedheid
selfbeheersing?

Wat as ons:

in alles kon hoop, kon glo en in alles kon vertrou in God?
in alles geduldig en vriendelik kon bly?
nie jaloers raak op ander nie?
nie onself probeer ophemel of beter laat lyk as wat ons is nie?
nie roekeloos oor ander hardloop of altyd die laaste woord probeer inkry nie?
nie ons behoeftes bo die van ander stel nie?
geen behoefte het vir vergelding nie?
glad nie dinge in die wêreld aantreklik vind nie,
en die waarheid bo alles begeer?

Wat as ons:

mekaar sou opbou met woorde van kennis en wysheid?
mekaar sou bemoedig met 'n droom, 'n vision of 'n lied?
mekaar se voete sou was en mekaar se arms omhoog sou hou?

Meer as net "as":

Galasiërs 5:22

²²Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Romeine 5:5

⁵en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

1 Korintiërs 13:1-7

¹Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. ²En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde

nie, dan sou ek niks wees nie. ³En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. ⁴Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, ⁵handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, ⁶is nie bly oor die ongeregtheid nie, maar is bly saam met die waarheid. ⁷Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

En hier volg vandag se hoofberig:

Romeine 8:1-3

¹Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. ²Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. ³Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,

My grootste vyand: my manier:

Romeine 8:4-7

⁴sodat die reg (*bepalings en vereistes*) van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. ⁵Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. ⁶Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, ⁷omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Nie plek vir beide:

Romeine 8:8-10

⁸En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; ⁹julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. ¹⁰Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

Sy vereiste aan ons: LEWE!

Romeine 8:11-13

¹¹En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. ¹²Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie; ¹³want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.

Daar is geen ander manier:

Romeine 8:14

¹⁴ Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.